Die Tygerberg Matie

Kampus roep onverwags vaarwel

KONRAD BEKKER

Skok en ongeloof het die afgelope ruk oor die Matie-gemeenskap, Tygerbergkampus en die Hippokrates manskoshuis gehang na die tragiese haaidood van Henri Murray.

In verskeie dankdienste is afskeid geneem van Murray deur sy familie, vriende en studente.

Die primarius van Hippokrates, mnr. Philip Middelton, het gesê almal op Tygerberkampus rou. Hy sal erg gemis word. Dit is die hartseerste oomblik in die bestaan van Hippokrates.

Dié tragiese voorval het die studentegemeenskap geruk, maar ook nouer bande gesmee tussen vriende wat besef het dat sy plek op die vierde vloer in Hippokrates altyd leeg sal wees.

Murray, 'n mediese student in sy vyfde jaar, het geleef vir die oomblik. Hy was 'n mens wat voluit geleef het en gereeld van sy stokperdjies soos rotsklim en visskiet beoefen het. Sy pa, mnr. George Murray het inderdaad gesê dat hy meer bekommerd was wanneer sy seun gaan rotsklim het of selfs motor bestuur het, as wanneer hy gaan visskiet het.

Mnr. Piet van Niekerk, een van Murray se groot vriende, wat saam met hom op die noodlottige dag in die see, naby Simonstad, was het agterna gesê dat dit die mees traumatiese oomblik in sy lewe was. "Die haai het twee keer na Henri se kant gestorm,maar hy het hom wonderbaarlik afgeweer. visgeweer geskiet, maar dit het nie gehelp nie," aldus Van Niekerk.

Intussen het boodskappe van ondersteuning ingestroom na sy ouers en familie.

Murray, wat 'n veelsydige en kranige sportman was, het laasjaar die Tygerbergkampus sportman van die jaar toekenning ontvang. Sy lewenslus, passie vir mense, en vriendelikheid sal volgens sy vriende erg gemis word. Sy armdukkery waarmee hy so baie pryse vir sy vriende gewen het, sy kaalvoete, leerplakkies en sjarmante persoonlikheid sal almal by bly.

Van Niekerk het sy maat opgesom as die perfekte vriend. "Hy het altyd by jou gestaan. Jou ondersteun en 'n glimlag op jou gesig geplaas. Henri was nie net